



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 15 AUGUSTUS 2012 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl C H H Hunsinger

Rdl R F van der Westhuizen

Rdl M van Zyl

Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Rdl A C Sedeman

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp

Bestuurder: Reinigingsdienste, mnr F Bruwer

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU 18 JULIE 2012**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 18 Julie 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 8 AUGUSTUS 2012

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5./...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2012

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 3.1: VOORLEGGING DEUR DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING: STIGTING VAN 'N PLAASLIKE DWELM AKSIE KOMITEE (17/2/R)
[ter vervanging van die aanbeveling]

Dat die aangeleentheid op amptenaarsvlak ondersoek word om 'n werkbare oplossing aan die UBK voor te lê, met inbegrip van die UBK-besluite soos geneem op onderskeidelik 12 April en 15 Mei 2012.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 1STE HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE 2013/2014 BEGROTING (2/1/4/4/1)

Artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal dat die burgemeester binne 10 maande voor die begin van die begrotingsjaar, 'n tydskedule aan die Raad moet voorlê wat sperdatums aandui m.b.t. die begrotingsproses, sowel as die hersieningsproses van die GOP.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer en bevestig die Munisipale Bestuurder dat die artikel 27 raamwerk vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit afgewag word, wat ook bygewerk sal word alvorens die voorlegging hiervan aan die Raad geskied.

BESLUIT

Dat die tydskedule vir die hersiening van die 2012-2017 GOP en die opstel van die 2013/2014 begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 45 van 2003, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

7.2 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: WETSTOEPASSINGSOPLEIDING VIR KREDIETBEHEERBEAMPTES (4/6/2)

Die GOP se ontwikkelingsplan se uitsette ten opsigte van die handhawing en verbetering van skuldinvordering, bepaal dat alle skuldinvorderingsbeamptes opleiding ontvang as wetstoepassingsbeamptes teen September 2012.

7.2/...

Die Nelson Mandela Metropolitan Universiteit is die enigste diensverskaffer wat die opleiding aanbied en is beskikbaar vanaf 20-24 Augustus 2012 om die opleiding aan kredietbeheerbeamptes aan te bied.

BESLUIT

- (a) Dat kondonering verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures met die betaling van opleiding aan Nelson Mandela Metropolitan Universiteit ten bedrae van R39 608,50 (BTW ingesluit), soos volledig toegelig en vir die redes soos aangetoon in die aanhangsel tot die verslag;
- (b) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word;
- (c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 11-48-52-00-3428.

7.3 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK-WES (12/1/3/1-12/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes aan me H Nel op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

BESLUIT

- (a) Dat die voormelde gebou op erf 163 Riebeek-Wes m.i.v. 1 September 2012 uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan me H Nel verhuur word vir doeleindes van 'n poskantooragentskap;
- (b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek-Wes, die Raad 'n bydrae maak met 'n insentief deur middel van 'n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 plus 14% BTW per maand goedgekeur word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.4 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou op erf 147, Riebeek Kasteel aan me J Jordaan op 'n jaar-tot-jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 147, Riebeek Kasteel m.i.v. 1 September 2012 uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan me J Jordaan verhuur word vir doeleindes van 'n poskantooragentskap;
- (b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek Kasteel, die Raad 'n bydrae maak met 'n insentief deur middel van 'n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 per maand plus 14% BTW gevolglik goedgekeur word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.5 VOORGESTELDE TRANSPORT VAN OPENBARE PLEK: KORJON PROPERTIES (PTY) LTD / SWARTLAND MUNISIPALITEIT: ERF 946, CHATSWORTH (12/2/R)

Korjon Properties (Pty) Ltd, die geregistreerde eienaar van erf 946 (groot 2,2000ha), Chatsworth is dienooreenkomstig deur die munisipaliteit aangeslaan vir die betaling van eiendomsbelasting t.o.v. die eiendom.

Dit het nou aan die lig gekom dat erf 946 gesoneer is as "publieke plek", wat inhou dat alhoewel dit in die naam van Korjon Properties geregistreer is, dit in die plaaslike owerheid vestig. Lg. versoek derhalwe dat die Raad oordrag van die eiendom neem.

7.5/...

BESLUIT

- (a) Dat die Raad oordrag neem van erf 946, Chatsworth by wyse van 'n artikel 31 transport, waarvan die onkoste daaraan ongeveer R4 793,00 sal beloop;
- (b) Dat die Raad die terugbetaling aan Korjon Properties (Pty) Ltd van eiendomsbelasting ten bedrae van R25 693,85 wat t.o.v. die eiendom betaal is, goedkeur.

7.6 VERVREEMDING VAN ERF 835, YZERFONTEIN: AANSOEK VAN DIE KOPER OM DIE KOOP TE WYSIG IN DIE NAAM VAN 'N TRUST, PLEKS VAN 'N NATUURLIKE PERSOON (12/2/B; 12/1/4/1)

[Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking.]

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 12 April 2012 aan die Raad aanbeveel om die aanbod t.o.v. erf 835, Yzerfontein van R730 000,00 te aanvaar, waarop die Raad die aanbod op 31 Mei 2012 dienooreenkomstig aanvaar het.

Die koper, mnr Dawid de Jager het die oordragprokureur, Terblanche Slabber Pieters versoek om die Koopoooreenkoms te wysig ten einde hom in staat te stel om die eiendom vir belastingvoordele eerder in 'n Trust aan te koop.

Alhoewel daar geen verdere implikasies vir die munisipaliteit is nie, is daar onlangse regspraak waar die koper se identiteit verander is nadat munisipale eiendom vervreem is, sonder om die oorspronklike besluitnemer, naamlik die Raad daarvan in kennis te stel en is die transaksie deur die Hoërhof ter syde gestel.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Augustus 2012)

- (a) Dat daar weereens kennis geneem word van die verklaring van belange deur die Munisipale Bestuurder;
- (b) Dat die oordragprokureur, Terblanche Slabber Pieters in kennis gestel word dat goedkeuring verleen word dat die eiendom te Yzerfontein, synde erf 835 deur die koper (Dawid de Jager) in 'n trust aangekoop word, pleks van 'n natuurlike persoon, ingevolge die nominasie proses van klousule 14 van die ooreenkoms;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat die tydperk ingevolge klousule 14 van die ooreenkoms, vir die nominasie van 'n ander entiteit (trust) as die koper (Dawid de Jager) verleng word tot 30 dae na datum van die Raadsbesluit (m.a.w. 30 September 2012);
- (d) Dat weens die verklaring van belange deur die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om ingevolge goedgekeurde bevoegdheid die nominasie ooreenkoms te magtig met inbegrip van die wysigings.

7.7 REHABILITASIE/LANDSKAPERING VAN ERF 495, YZERFONTEIN (15/3/1) (WYK 5)

Die Yzerfontein Bewarea is reeds vir 'n geruime tyd besig met die rehabilitasie van bogemelde eiendom van die Raad in Derde Laan, Yzerfontein wat as Oopruimte Sone I (publieke oopruimte) gesoneer is.

Die rehabilitasie van voormelde erf vorm deel van die Yzerfontein Stedelike Bewarea se visie om die oorspronklike ("pristine") inheemste plantegroei te beskerm, asook om, waar nodig, beskadigde terreine so goed as moontlik na hul oorspronklike toestand te rehabiliteer.

Die verwydering van alle indringerplante (as 1^{ste} fase) is bykans afgehandel, en is die Bewarea haastig om met die 2^{de} fase 'n aanvang te neem, wat die aanplant van bome, soos aangedui om die uitlegplan wat met die sakelys gesirkuleer is, behels.

BESLUIT/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die Yzerfontein Stedelike Beware se beplanning m.b.t. die landskapering van erf 495, Yzerfontein;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat daar met die projek voortgegaan kan word, indien daar teen die sperdatum vir kommentaar (17 Augustus 2012) geen beswaar en/of kommentaar ontvang word nie;
- (c) Dat sou daar wel wesenlike besware ingebring word teen die beplande ontwikkeling van erf 495, daar met die beswaarmakers in gesprek getree sal word, en aan die komitee (via die betrokke wykskomitee) terugvoering gegee sal word om 'n besluit te kan finaliseer sou dit nodig blyk.

7.8 AANSOEK DEUR MTN VIR DIE OPRIGTING VAN 'N BASISSTASIE TE YZERFONTEIN (6/2/3/1/2; 12/2/4-14/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 14 Maart 2012 goedkeuring verleen aan MTN vir die installing van 'n sellulêre basisstasie op munisipale eiendom, plaas 560/29, Yzerfontein.

Die gedeelte grond is gesoneer as Owerheidsone en huisves reeds die munisipale reservoirs.

'n Aansoek is ontvang vanaf Warren Petterson Beplanners vir die oprigting van 'n 50m hoë mas, i.p.v. 'n 15m hoë mas ingevolge voormelde goedkeuring. Vir maste hoër as 15m moet 'n omgewingsimpakstudie egter deurloop word.

BESLUIT

- (a) Dat die UBK se besluit van 14 Maart 2012, waarkragtens goedkeuring aan MTN verleen word vir die oprigting van 'n basisstasie te Yzerfontein, herroep word;
- (b) Dat MTN in kennis gestel word dat hul aansoek in heroorweging geneem sal word sou die omgewingsimpakproses suksesvol deurloop word;
- (c) Dat by heroorweging van die aansoek, die huurgeld betaalbaar ook heroorweeg sal word weens Vodacom se belangstelling om die fasiliteit ook te gebruik.

7.9 AANSOEK VIR GROTER PERSEEL VIR NSRI BASIS IN YZERFONTEIN HAWE (17/10/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 Mei 2012 goedkeuring verleen dat die huidige perseel in die Yzerfontein hawegebied wat aan die NSRI verhuur word, vergroot word na 240,12 m² vir die oprigting van 'n permanente basisstasie.

Die voorneme van verhuring van die groter perseel is in die plaaslike pers geadverteer en briewe is aan omliggende eienaars gestuur om die publiek hiervan in kennis te stel.

Alhoewel tientalle skrywes ter ondersteuning ontvang is, onder andere vanaf die Premier van die Wes-Kaap, me H Zille, is slegs een skrywe ontvang vanaf T L en M V Clarkson van Yzerfontein waarin sekere onduidelikhede ten opsigte van die projek uitgelig word.

BESLUIT

- (a) Dat voortgegaan word met die verhuring van die groter perseel (groot 240,12 m²) in die Yzerfontein hawegebied aan die NSRI vir die oprigting van 'n permanente basisstasie;
- (b) Dat die bouafdeling voortgaan met die oorweging van die bouplanne vir die permanente gebou;

7.9/...

- (c) Dat enige verdere kommentaar van T L en M V Clarkson deur die bouafdeling hanteer sal word.

7.10 HUUROOREENKOMS: LAERSKOOI SWARTLAND (12/2/4-8/5)

Die Raad verhuur 'n gedeelte straat, gedeelte van Dr Euvrardstraat (groot ongeveer 2218m²) geleë tussen erwe 752 en 878, Malmesbury aan Laerskool Swartland vir 'n termyn van tien (10) jaar.

Die gedeelte straat word aangewend vir die aanbring van veiligheidshekke om die leerders se veiligheid te verseker.

Die huurooreenkoms het verstryk en het die skool aansoek gedoen om die perseel vir 'n verdere termyn van 10 jaar te huur.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte van Dr Euvrardstraat, Malmesbury (groot ± 2218m²) geleë tussen erwe 752 en 878 vir 'n verdere termyn van tien (10) jaar aan Laerskool Swartland verhuur word ter beveiliging van hul leerders;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar;
- (c) Dat die verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom vir kommentaar geadverteer word;
- (d) Dat die huurder vir die advertensiekostes sal betaal;
- (e) Dat die huurvoorwaardes soos tans van toepassing gehandhaaf word.

7.11 AANBOD OM ERF 10337, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Die betrokke erf is op Saterdag, 24 Maart 2007 saam met 65 ander woonerwe op 'n "pre-launch" basis aan eerste huiskopers aangebied.

Die oordrag van erf 10337 aan G & J Liedeman is op 13 Augustus 2008 by die akteskantoor geregistreer, maar die koper is nou begerig om die erf ingevolge die voorkeepsvoorwaardes aan die munisipaliteit terug te verkoop.

BESLUIT

Dat G & J Liedeman se aanbod om erf 10337, Malmesbury terug te koop van die hand gewys word in die lig van die huidige steeds ongunstige ekonomiese klimaat, die steeds ongunstige eiendomsmark en die groot aantal raadserwe voorhande in die betrokke uitbreiding.

7.12 AFSKRYWING VAN SKULD TEN OPSIGTE VAN DEERNISHUISHOUDINGS, JUNIE 2012 (5/7/1/1)

'n Skedule van verbruikers wat Equitable Share vanaf die Raad ontvang, maar steeds gelde verskuldig is wat nie na stappe deur die Kredietbeheerafdeling ingevorder kon word nie, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel. Die bedrag van R245 486,69 word gevolglik voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R245 486,69 afskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee

7.12(b)/...

bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (e) Dat die werklike bedrag afgeskryf nadat hierdie voorlegging gemaak is, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;
- (f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (g) Dat die Kredietbeheerafdeling persoonlike besoeke aan elke Equitable Share huishouding bring ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van "verantwoordelike verbruikers" aan hulle duidelik te maak, veral betreffende oormaat water.

7.13 AFSKRYWING VAN SKULD TEN OPSIGTE VAN GEWONE DEBITEURE, JUNIE 2012 (5/7/11)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel en word gevolglik voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R40 157,01 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.13/...

- (e) Dat die werklike bedrag afgeskryf nadat hierdie voorlegging gemaak is, tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;
- (f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE, JULIE 2012 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maande van Julie 2012.

7.15 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat, na aanleiding van die ongeluk op die N7 waarby 'n trekker betrokke was, 'n ondersoek ingestel word om 'n totale verbod te plaas op die gebruik van trekkers op die N7 en dat die gebruik van masjinerie-sleepwaens verder ondersoek word wanneer langafstande tussen dorpe deur swaarmasjinerie afgelê moet word.

7.16 NOTULES VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERINGS (11/1/3/1/6)

Die Tendertoekenningskomitee het onderskeidelik op 17 Mei, 7 en 26 Junie 2012 vergader en word die notules van vermelde vergaderings vir kennisname met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notules van die Tendertoekenningskomiteevergaderings wat onderskeidelik op 17 Mei, 7 en 26 Junie 2012 plaasgevind het.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN DRYWENDE BELUGTER (16/3/1/5)

Belugters is kritiese toerusting by rioolsuiweringsaanlegte en die suiweringsproses is afhanklik van die suurstof wat deur belugters voorsien word. Die is dus noodsaaklik dat die belugters funksioneer om die negatiewe impakte van half-gesuiwerde riool te beperk.

Die Malmesbury Rioolsuiweringsaanleg beskik oor 4 drywende belugters, waarvan een onklaar geraak het op 5 Julie 2012. Die suiweringsaanleg is onder druk met die konstruksie van die nuwe aanleg en is daar reeds van die komponente van die aanleg verwyder om vir die nuwe strukture plek te maak.

Die belugters gaan egter aangewend word by die nuwe aanleg en is dit dus noodsaaklik dat die belugter na behore herstel word.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die drywende belugter deur Inenzo Water teen 'n bedrag van R41 710,00 (BTW uitgesluit) en wel om die volgende rede:

7.17/...

- (i) dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word, aangesien die drywende belugter 'n kritiese komponent van die rioolwerke is en die rioolwerke nie voldoende kan suiwer sonder die belugter nie;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word en die handeling dienoreenkomstig gekondoneer word;
- (c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 59-73-30-00-0312;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HOOF RIOOLGELEIDINGS, DIEPRIVIER MALMESBURY (16/3/1/5)

'n Hoof rioolgeleiding wat die roete van die Dieprivier volg het weens die sterk vloei van die rivier met 40 meter verskuif. Gedurende 'n roetine inspeksie op 10 Julie 2012 is opgemerk dat die pyp op twee plekke geskeur het en dat daar groot volumes riool vrylik in die rivier afvloei.

Die munisipaliteit beskik nie oor die nodige toerusting om die herstelwerk te doen nie, en om die besoedeling verder te beperk moes daar onmiddellik opgetree word.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die hoof rioolgeleiding deur Westland Civils ten bedrae van R79 200,00 (BTW uitgesluit) en wel om die volgende rede:
 - (i) dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word as gevolg van die besoedeling wat voorgekom het nadat 'n hoof rioolgeleiding in die Dieprivier gebreek het;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word en die handeling dienoreenkomstig gekondoneer word;
- (c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 59-76-30-00-0280;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERBOU VAN LAEKOSTE HUISE WAT BRANDSKADE OPGEDOEN HET (17/3/1/1)

Die bestuursplan ten opsigte van noodlenigingshulp aan slagoffers bepaal dat wanneer die brandskade aan 'n woning van so 'n aard is dat dit gesloop moet word, die afdeling Behuising by die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings aansoek sal doen vir befondsing uit die "Emergency Housing Program" (EHP) om die woning te herstel.

Tans is daar twee gevalle in Riebeek Kasteel waarvoor daar aansoek gedoen is vir EHP-fondse en is 'n bedrag van R45 746,00 per woning deur die Departement van Menslike Nedersettings goedgekeur. Ingevolge die beleid t.o.v. noodlenigingshulp van die Raad sal 'n verdere bedrag van R10 000,00 per huis deur die munisipaliteit beskikbaar gestel word vir die herstelwerk.

7.19/...

Die twee huise is deur ASLA DEVCO opgerig as deel van die laekoste behuisingsprojek op Riebeeck Kasteel.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid afgewyk word, vir die aanstelling van ASLA DEVCO vir die herstel van afgebrande huise geleë onderskeidelik op erwe 1576 en 1167, Riebeeck Kasteel, en wel om die volgende rede:
 - (i) ASLA DEVCO se unieke patent (soos verder toegelig in die verslag) ten opsigte van sy boumetode vir laekoste huise onderskei die firma van ander diensverskaffers;
- (b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder dus gekondoneer word ten opsigte van die goedkeuring om met die aanstelling van ASLA DEVCO voort te gaan;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36 (2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word.

7.20 VERHOGING VAN LEDEGELD: SALGA 2012/2013 (4/9/4/B)

Swartland Munisipaliteit het 'n skrywe gedateer 5 April 2012 vanaf SALGA ontvang waarin meegedeel word dat die ledegeld verhoog is vanaf 0,7% na 0,8% soos bereken op die totale salarisbegroting van R120 790 320 vir 2012/2013.

Swartland Munisipaliteit het volstaan met die koers van 0,5% bereken op die totale salarisbegroting vir 2012/2013 finansiële jaar, asook 'n 6,75% jaarlikse salarisaanpassing soos deur Nasionale Tesourie voorgestel, aangesien daar nie met sekerheid gesê kon word of munisipaliteite hierdie astronomiese verhoging sou aanvaar nie.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag, met spesifieke verwysing na SALGA se eensydige verhoging van ledegeld sonder om die korrekte prosedures ingevolge artikel 8 van SALGA se grondwet te volg, en die dispuut wat gevolglik verklaar is.

BESLUIT

- (a) Dat daar met groot kommer kennis geneem word van SALGA se voortdurende ondermyning en minagting van konsultasieprosesse aangaande munisipaliteite se tydskedules ten aansien van die opstel van begrotings en dat voormelde minagting daartoe aanleiding gee dat munisipaliteite in retrospek verhoogde ledegelde moet betaal;
- (b) Dat Swartland Munisipaliteit se misnoeë uitgespreek word teenoor SALGA Nasionaal, (sowel as Provinsiaal, want die korrespondensie en dispuutverklaring was aan laasgenoemde gerig), wat in gebreke gebly het om terugvoering te gee op die inligting soos versoek op 10 November 2011;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die ledegelde vir die 2012/2013 finansiële jaar verhoog is vanaf 0,7% na 0,8% en 'n verdere 0,9% vir die 2013/2014 finansiële jaar;
- (d) Dat voormelde verhogings gesien word teen die agtergrond dat daar reeds salarisverhogings van 6,75% (synde 6,5% vir 12 maande en 'n verdere 0,5% vir 6 maande) vir 2012/2013 goedgekeur is wat uiteraard 'n soortgelyke verhoging aan SALGA meebring (dieselfde dubbelle verhoging is van toepassing op 2013/2014, synde CPI + 1,25% **EN** vanaf 0,8% na 0,9%);
- (e) Dat daar kennis geneem word dat die besluit ten aansien van die verhoging in ledegelde net deur die NMA geneem kon word en dat SALGA na die dispuutverklaring van 10 November 2011 nog nie bewys kon lewer van die prosedure wat die besluit voorafgegaan het nie;

7.20/...

- (f) Dat, derhalwe volstaan Swartland Munisipaliteit daarmee om vir die 2012/2013 finansiële jaar net ledegelde te betaal gebaseer op 0,5% tot tyd en wyl die dispuut wat verklaar is, besleg is en dat goedkeuring verleen word dat laasgenoemde aan SALGA oorbetaal word;
- (g) Dat die Raad verder kennis neem van die tekort van R412 500 wat hierdie verhoging in ledegeld meebring in die 2012/2013 finansiële jaar en indien die dispuut in SALGA se guns beslis sou word, die finansiering daarvan verwys word na die Aansuiweringsbegroting in Januarie/Februarie 2013 en verder dat die betaling van die ledegeld nie gefinansier word deur middel van enige tariefverhogings nie, maar dat verhoogde bedryfsinkomste waarvoor nie begroot is nie, wel aangewend mag word as finansieringsbron;
- (h) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om met SALGA te onderhandel om wel die verhoogde ledegelde van 0,5 na 0,8 (R412 500) vir die 2012/2013 finansiële jaar oor te betaal, onderhewig daaraan dat:
- die verhoging van 0,4% na 0,5% (R86 072) ten opsigte van die 2009/2010 finansiële jaar en die verhoging van 0,5% na 0,7% (R227 024,46) ten opsigte van die 2010/2011 finansiële jaar (samtotaal van R313 051,46), afgeskryf word omdat dit nie voorafgegaan is deur 'n konsultasieproses nie;
- (i) Dat SALGA geleentheid gebied word tot 14 September 2012 om hierop te reageer, en om die aangeleentheid te besleg, by gebreke waarvan die onregmatige optrede van SALGA (Nasionaal) met verwysing na -
- gebrek aan bewyslas van die besluit van die 2011 NMA ingevolge artikel 8 van SALGA se Grondwet;
 - gebrekkige konsultasieproses en die “in retrospek” heffing van verhoogde ledegelde;
 - gebrek aan begrip vir finansiële volhoubaarheid van munisipaliteite, deurdat ledegelde met tot 60% per jaar verhoog word;
 - onvermoë van SALGA om hul begroting terug te sny na bekostigbaarheid;
- aan die Ouditeur Generaal (Nasionaal) gerapporteer word;
- (j) Dat die erns van begrotingstekorte, die nie-betaling van eiendomsbelasting en diensterekening (kredietbeheer), kontanttekorte, agterstand in dienslewering, agterstand in onderhoud van infrastruktuur (depresiasie), verhoging in die tariewe van grootmaatsdienste soos water en elektrisiteit (Eskom), buitensporige salarisverhogings en byvoordele, brandstofprys verhogings ensovoorts, onder SALGA se aandag gebring word, want dit is duidelik dat iemand iets nie verstaan nie, dit terwyl die ekonomie gebuk gaan onder voormelde, die tariewe van ledegeld te verhoog van 0,7% na 0,8% en 0,9% onderskeidelik.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**